



PRIVAATHEIDSBELEID VAN DIE BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE

WIE IS ONS

Die Bond van die Vermeulen Familie soos hierna die Bond genoem.

Die Bond bedryf tans die organisasie Bond van die Vermeulen Familie ,die webblad <https://www.vermeulenbond.org> , die facebookblad Bond van die Vermeulen Familie in Suider-Afrika , hanteer die byhou en opdatering van die databasis van die Vermeulen geslagregister asook die verkoop en verspreiding daarvan.

Ons is hoofsaaklik besig met navorsing en die bevordering van die Vermeulen geskiedenis en belange in Suider-Afrika

Die Bond respekteer die reg van die individu oor die beskerming van inligting soos bepaal deur Wet 4 van 2013 (Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting) (POPI-wet soos dit algemeen bekend staan) of soos dit in verskeie ander wetgewing voorgeskryf word en wat versoenbaar is met die POPI-wet se bepalings..

Die doel van die Popi-wet is om jou as verbruiker te beskerm deur te verhoed dat jou persoonlike inflicting in verkeerde hande beland en daardeur jou skade berokken deur identiteitsbedrog.Kortliks kom dit daarop neer dat die verantwoordelike organisasie die integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in sy besit of onder sy beheer moet verseker deur toepaslike redelik tegniese en organisatoriese maatreëls daar te stel. Die POPI-wet is ook van toepassing op die Bond wat ook van jou persoonlike inligting hanteer en verwerk. Verwerk behels die insameling, ontvangs,optekening,organisering,herwinning of die gebruik van sodanige inligting.Verder sluit dit ook die verspreiding en beskikbaarstelling van sodanige inligting in (gratis of teen vergoeding).

Wat word as persoonlike inligting beskou: Volgens die POPI-wet is dit data wat gebruik kan word om jou identiteit vas te stel. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot ras,geslag,swangerskapstatus,huwelik-status,nasionaliteit,etniese groep,sosiale afkoms,velkleur,seksuele oriëntasie,ouderdom,fisieke of geestesgesondheid,gestremdheid,godsdiens,geloofsoortuigings,kultuur,taal,opvoedkundige,mediese, finansiële,kriminele,werkgeskiedenis,identiteitsnommer,e-posadres,woonadres of woonarea,posadres, voertuigregistrasienommer,bankbesonderhede,telefoonnommer,biometriese inligting, persoonlik mening en voor of afkeure in.

Die wet verplig die Bond dus ook persoonlike inligting te beskerm.

1. Die Bond sal alles in hul vermoë doen om lede en persone se inligting te beskerm, te berg en die nodige voorsorgmaatreëls tref om die ongemagtigde bekendmaking van inligting te beskerm.
2. Die Voorsitter van die Bond sal in hierdie hoedanigheid ook optree as Inligtingsbeampte vir die nakoming van hierdie voorsorgmaatreëls.

3. T.o.v. die persoonlike inligting van Bondlede wat deur die Bond se bestuur bygehou word, sal die volgende maatreëls geld:

3.1..Alle moontlike voorsorgmaatreëls sal getref word deur die bestuur om te verseker dat persoonlike inligting op hul persoonlike rekenaars beveilig word om ongemagtigde toegang te verhoed. Sodanige inligting sal ook nie aan derde partye of ander Bondlede behalwe die bestuur gedeel word nie. Inligting t.o.v. Bondlede en ander Vermeulen nasate waardeur hul identiteit openbaar mag word sal nie op ons webblad <https://www.vermeulenbond.org> of op ons facebookblad <https://web.facebook.com/groups/275110929222200> of op enige ander sosiale platform openbaar word nie sonder die toestemming van die persoon self nie.

3.2. Inligting wat Bondlede aan ons verstrek t.o.v.. sy lidmaatskap sal as vertroulik beskou word.

3.3. Die Bond het nie toegang tot die persoonlike inligting van persone wat ons webblad besoek nie behalwe indien die persoon 'n lidmaatskapvorm voltooi en of met ons in verbinding te kom om geslagregisters aan te skaf of om inligting vir ons geslagregister databasis te verskaf. Bondlede en ander Vermeulen nasate kan versoek word om inligting oor familie stambome en ander familie interessantheide op ons webblad met hul toestemming te plaas

3.4. Deur by die Bond aan te sluit verleen u toestemming om die inligting wat ons benodig vir doeleindes van funksionering van u lidmaatskap te gebruik of te besit.

3.5. Die Bond hou ook die inligting by oor alle Vermeulen voorsate en afstammeling op die Legacy databasis program en dit vorm dan die basis van die Vermeulen Geslagregister. Die inligting wat hier bygehou word sluit in van elke afstammeling: Volle name en van, geboortedatum en plek van geboorte, volle naam en van van eggenoot en plek van troue, kinders se volle name en plek van geboorte en sterftedatum en plek van afsterwe. Hierdie inligting word ingesamel d.m.v. navorsing van verskeie bronne asook deur inligting persoonlik verstrek deur nasate. Die bron waar inligting bekom is word ook aangeteken. Die Bond se bestuur is van mening dat hierdie inligting onvoldoende is om enige persoon se identiteit daardeur in gevaar te stel en dat hierdie inligting wel in huidige geslagregisters gepubliseer is en ook in die toekoms weer gepubliseer gaan word. Hierdie geslagregisters word teen 'n geringe fooi (om koste te dek) aan hoofsaaklik Vermeulen nasate verkoop. Slegs nasate en ander persone wat die registers aangekoop het en besit, het toegang tot daardie inligting. Kopers en alle navrae oor Bond inligting word sover moontlik as vertroulik beskou en voorsorg word getref vir moontlike ongemagtigde toegang tot dit.

Gevalle waar ons u persoonlik inligting mag bekend maak sluit in:

1. ter nakoming van 'n hofbevel of regsproses (bv. die uitreik van 'n hofbevel of dagvaarding) **en**
2. ter nakoming van 'n opdrag deur 'n regstoepassing instansie.

Die Bond se privaatheidsbeleid oor die Beskerming van Privaatheid en Inligting is daargestel om ons verbintenis om u inligting te beskerm te bevestig. Kontak ons gerus as u verdere opklaring van ons beleidvoorskrifte verlang. Sien asseblief ook ons webblad onder die opskrif "terme en voorwaardes"

Die Bond aanvaar dat jy toestem tot die voorwaardes van hierdie beleid soos hierbo aangedui tensy jy uitdruklik daarteen beswaar maak. Indien ons hierdie beleid wysig, sal die datum van wysiging hieronder aangedui word. Indien u voortgaan om lid te bly, sal aanvaar word dat u die gewysigde beleid aanvaar.

Beleid goedgekeur op 2021.06.11 op 'n Bestuursvergadering